

Die Nasionale DBV veroordeel die gebruik van wilde diere as vermaak in die sirkus. Die DBV doen inspeksies om die welsyn van sirkusdiere te monitor.

Dit beteken egter nie dat die DBV die aanhouding van hierdie diere goedkeur nie. Inteendeel!

Diere in die natuur lewe in 'n sosiale struktuur en het, soos mense, verhoudings met ander lede van hulle spesie. Hulle emosionele gesinslewe kan vergelyk word met die gesinslewe van mense. Diere in aanhouding word ontneem daarvan om hul mees basiese behoeftes en instinkte te vervul.

Sirkusse gee voor dat wilde diere 'n opvoedkundige rol vervul. Dis onwaar. Diere in sirkusse leef in onnatuurlike omstandighede en het daarom geen opvoedkundige waarde nie.

Dit is onmenslik om wilde diere te onderwerp aan vervoer in hokke, daaglikse hantering deur mense en aanhoudende geraas.

Die verbod op die gebruik van diere in sirkusse, beteken nie die einde van sirkusse nie.

Narre, towenaars en akrobate, die musiek en die betowerende atmosfeer van 'n sirkus is nie afhanklik van wreedheid teenoor diere nie.

Baie lande het reeds 'n verbod geplaas op die gebruik van wilde diere in sirkusse.

Dit is tyd dat Suid-Afrika hierdie voorbeeld volg.

Beauty Without Cruelty
SKOONHEID SONDER WREEDHEID
www.bwcsa.co.za

Beauty Without Cruelty
Defending Animal Rights